# Naskool Inskrywingsvorm - 2025

Blinkoog Monnies Naskooltuiste is ‘n naskoolsorgdiens wat bestuur word deur Blinkoog Monnies NPC - ‘n nie-winsgewende maatskappy en bedryf word op die terrein van Laerskool Monumentpark. Ons dienste sluit in ondersteuning in terme van akademiese, opvoedkundige en ontwikkelings-vereistes, in Afrikaans en met die bewaring en uitbreiding van die Christelike geloof.

## 1. Persoonlike Inligting (Herinskrywing – 2024 rekening nommer ________)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kind 1** | Noemnaam | Van | 2025 Graad | Geboorte datum |
| **Kind 2** | Noemnaam | Van | 2025 Graad | Geboorte datum |
| **Kind 3** | Noemnaam | Van | 2025 Graad | Geboorte datum |
| **Ouerinligting:** | | | | |
| **Pa** | Noemnaam | Van | | |
| | Selfoon | ePos | | |
| **Ma** | Noemnaam | Van | | |
| | Selfoon | ePos | | |
| **Huwelikstatus** | | | | |
| **Rekeningpligtige** | Pa/ Ma | | | |
| **Ander kontak** | Noemnaam | Van | | |
| | Selfoon | ePos | | |
| **Enige allergieë of ander mediese inligting waarvan ons moet weet?** | | | | |
| | | | | |
| **Mediese Fonds** | | **Polis Nommer** | | |
| **Hooflid** | | | | |

## 2. Finansiële Inligting

| | | |
|---|---|---|
| **Kostes*** | Jaar | **R970 per maand vir 11 maande** |
| | Maand vir Maand | **R1,110 per maand vir 10 maande of minder** |
| | Dag | **R95 per dag** |
| | Etes | **R560 per maand vir 11 maande** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bank Besonderhede** | | | |
| **Naam** | **Blinkoog Monnies** | | |
| **Bank** | **Standard Bank** | **Tak** | **Centurion** |
| **Tjekrekening** | **243 312 458** | **Tak Kode** | **012 645** |

**** Betaling slegs per debiet order – debiet order mandaat aangeheg (voltooi asb en stuur saam inskrywings vorm)***



parafeer

## 3. Vrywaring | Toestemming | Onderneming

a. Ek/ Ons, ouer(s)/voog(de}, gee hiermee toestemming dat bogenoemde leerder(s) aan die kurrikulum en buitemuurse aktiwiteite van Blinkoog Monnies Naskooltuiste (hiema verwys as BMN) mag deelneem welke op die terrein van BMN, Laerskool Monumentpark of 'n ander terrein wanneer van toepassing. Bogenoemde leerder(s) mag deur die naskool personeel vervoer word indien nodig.

b. Ons aanvaar dat BMN (sy Direksie en/of personeel in hul uitsluitlike diskresie) redelike voorsiening sal probeer tref vir die veiligheid en welstand van die leerder(s) tydens sy /haar/ hul bywoning van die naskool, maar dat BMN, sy personeel en direksie geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade (hetsy direk/ indirek of gevolglik) wat die leerder sou opdoen voor, tydens of na die bywoning van die naskool en of enige aktiwiteite van BMN nie.

c. Ek/ Ons aanvaar verantwoordelikheid vir enige mediese- of hospitaal uitgawes in geval van besering aan die leerder. Ek / Ons spesifiek vrywaar BMN, sy personeel, Direksie en gevolmagtigdes van enige aanspreeklikheid (van watter aard ook al).

d. Ek/ Ons dra my/ ons magte en regte as ouer(s)/voog(de) oor aan die BMN Hoof, of alternatiewelik die Voorsitter van die Direksie, van BMN of sy/ haar verteenwoordiger indien mediese/ chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees.

e. Sover ek weet, is die leerder(s) fisies in staat om aan enige aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/ sy/ hulle in goeie gesondheid.

f. Ek/ Ons aanvaar volle verantwoordelikheid vir enige verlies of skade tasse, klere, selfone en/of enige persoonlike besittings. Besittings moet duidelik gemerk wees.

g. Ek/ Ons sal BMN (en die personeel) voortydig skriftelik inlig indien daar enige spesiale reëlings getref moet word ten aansien van die leerder en/ of die leerder se spesiale behoeftes en of die leerder se deelname aan aktiwiteite.

h. Afhaal van leerder(s) geskied geheel en al op eie risiko. Indien ek/ ons nie ons eie kind by die naskool kan afhaal nie, sal ek/ons skriftelik aan die naskool hoof bevestig wie my/ ons kind (met sy/haar /hul kontakbesonderhede) sal haal.

i. Ek/ Ons verklaar verder dat:
   i. Ek/ Ons hierdie inskrywingsvorm volledig voltooi is en dat die besonderhede hierin vervat, waar, juis en korrek is.
   ii. Ek/ Ons BMN dadelik in kennis sal stel indien ons kontakbesonderhede verander.
   iii. Ek/ Ons bewus is van die gedrag en dissiplinêre kode van Laerskool Monumentpark, en dat BMN leerders en ouers aan dieselfde gedrag en dissiplinêre kode onderworpe is by BMN.
   iv. Ek/ Ons bewus is van die algemene reëls en regulasies van BMN en dat ek/ ons en ons kinders hierby sal hou.

**j. Ek/ Ons onderneem om 'n deposito gelykstaande aan 1 maand se fooi voor einde November van die huidige jaar te betaal, om so my kind se plek in die naskool vir die volgende jaar te verseker. Die deposito word aangewend vir Januarie se naskoolfooie. Hierdie is 'n nie-terugbetaalbare eerste paaiement van die naskoolfooie. Hierna is naskoolgelde vooruitbetaalbaar vanaf 1 Februarie tot 1 November van die volgende jaar teen die 3de dag van elke maand.**

k. Indien ek/ ons in gebreke sou bly om die toepaslike maand se fooie tydig te betaal en sodanige bewys van betaling te lewer voor die 3de dag van die maand; behou BMN die reg voor om toegang tot die naskool en sy fasiliteite op te skort totdat die maandelikse fooi vereffen is en sodanige bewys van betaling gelewer is. In gevalle waar betalings nie tydig gemaak word nie; sal:
   i. Ek/ Ons vir alle regskoste aangegaan (op prokureur en kliënteskaal) verantwoordelik wees.
   ii. Ek/ Ons een kalendermaand skriftelik kennis gee indien ons kind/ers die Naskool gaan verlaat en nie meer van die diens gebruik gaan maak nie.

l. Nieteenstaande die feit dat BMN verlang dat albei ouers/ voogde (indien van toepassing) die dokument onderteken , sal die ondertekening deur my genoegsaam wees om my te bind tot die voorwaardes hierin vervat. Indien ons albei teken, sal ons gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die verpligtinge hierin verval.

m. Ek/ Ons gee hiermee toestemming dat foto's geneem mag word van my/ ons kind/ers in groep verband, welke foto's deur BMN gebruik mag word op enige BMN publikasies, insluitende BMN sosiale media.

n. Hierdie is die volledige ooreenkoms met BMN en enige wysiging hiertoe sal skriftelik wees.

Onderteken te ____________________________ op hierdie ________ dag van _________________ 20____:

___________________ _________________

Handtekening Pa / Voog 1 Handtekening Ma / Voog 2